**Huiswerkvel 1 (Hoofstuk 1)**

**Beantwoord die onderstaande vrae na aanleiding van die volgende teks**

***Om te groet***

*Om te groet kan soveel verskillende betekenisse hê ... Ons kan mekaar groet of hallo sê wanneer ons mekaar vir die eerste keer die oggend by die skool ontmoet, maar ons kan mekaar ook groet of tot siens sê aan die einde van die dag wanneer ons mekaar verlaat. Groet kan dus hallo of tot siens wees.*

*Groet kan ook beteken om afskeid te neem van iemand: "Ons groet vandag ons geliefde kollega en vriend ..."*

*Daar is verskillende figuurlike betekenisse wat ook gebruik kan word, soos: Ek het die dag met nuwe entoesiasme gegroet! Ek groet die toekoms wat vir my wag.*

*'n Vriendelike groet van 'n ander persoon kan sommer dadelik die dag vir jou ophelder – veral as dit daardie baie spesiale persoon is wat jy so graag wil hê moet jou raaksien. Kom ons doen moeite om mekaar vriendelik te groet; dit kan die wêreld net 'n beter plek maak.*

**Vrae:**

1. Skryf die sin: "Ek het die dag met nuwe entoesiasme gegroet" oor in die teenwoordige tyd. (1)

2. Identifiseer die onderwerp, gesegde en voorwerp in die volgende sinne:

2.1 Ek groet jou elke dag. (3)

2.2 Hulle praat met die hoof wat hulle vriendelik gegroet het. (3)

2.3 Hy kyk oral rond vir daardie spesiale persoon. (3)

3. Dui aan of die volgende sinne enkelvoudig is of nie.

3.1 Hy waai en groet haar vriendelik. (1)

3.2 Hy helder my dag op wanneer hy so vriendelik groet. (1)

3.3 Haar entoesiasme maak almal opgewonde. (1)

4. Herskryf die sin sodat dit 'n stelsin sal wees:

4.1 Het jy al almal gegroet? (1)

5. Dui aan of die volgende sin 'n feit of mening is:

5.1 Die wêreld sal 'n beter plek wees as almal mekaar groet. (1)

**(15)**

Hierdie bladsy mag gekopieer word.